[redacted] het egter op 27 Junie 1986 die vreemde valuta laat oorplaas na die Bank Fuer Handel Und Industrie AG, Berlin, Duitsland tot die krediet van [redacted]. Vir die oordrag van die 65 000 dollar het [redacted] R192 000 van [redacted] van Springs ontvang.

(2) Klaagster en moontlik ander beamptes van haar maatskappy moet gespreek word en beëdigde verklarings moet afgeneem word om die ooreenkoms en reëlings tussen haar maatskappy en [redacted] te verduidelik. Dit is belangrik om die eedsverklarings te verkry voordat teen [redacted] en moontlik andere opgetree word aangesien hulle prominente persone is en daar nie sonder lasbriewe opgetree sal word nie. Klaagster en die ander beamptes van haar maatskappy moet ook die versekering gee dat hulle na die Republiek van S A sal reis om getuienis in die hof af te lê.

(3) [redacted] het reeds 'n prokureur in Delmas geskakel om siviele stappe teen [redacted] te neem maar blykbaar is daar ook probleme met 'n siviele geding. Sy het 'n onderneming gegee om die koste van die ondersoekbeampte te betaal indien hy haar wil besoek om verklarings af te neem en/of om enige dokumentasie na te gaan.

4. (1) Gedurende 1973 kry menere R.O. Hill en [redacted] toestemming by die S A Reserwe Bank om via National Process Industries (Pty) Ltd 'n maatskappy in Switzerland synde I.P.I Contractors AG te stig met die doel om 'n kunsmisfabriek in Indonesia te bou.

(2) 'n Skema is in werking gestel waardeur die grootste deel van die winste van die projek na twee Cayman Trusts en Consolidated Enterprises Limited, twee buitelandse maatskappye gekanaliseer sou word.

(3) [redacted] het sy gedeelte van die winste via die Hahn Trust na Switzerse bankrekenings gekanaliseer.

(4) Mnr Hill het sy winste deur die Hill Trust na Advance Farming Ventures in Engeland (Pty) gekanaliseer vanwaar dit via die Finansiële Randmeganisme na Advance Farming Ventures (Pty) Ltd en na National Process Industries (Pty)Ltd, beide Suid-Afrikaanse maatskappye, oorgeplaas is.

(5) Volgens Mnr Hill is tussen 20 en 30 miljoen VSA dollar na die twee Cayman Trusts gekanaliseer.

(6) Mnr [redacted] was die finansiële bestuurder van die groep.

5. (1) Gedurende 1986/87 het Mnr Hill deur die maatskappy, Securities Investments Corporation (Pty)Ltd die Finansiële Randmeganisme verder misbruik.

(2) Fondse is deur ene [redacted] in Engeland tot beskikking van Advance Farming Ventures (Engeland) gestel.

(3) Advance Farming Ventures (Engeland) kanaliseer die fondse via die Finansiële Randmeganisme na drie Finansiële Randrekenings van nie-inwoners naamlik [redacted], Goldstone Trader (Pty) Ltd en Pamtel Investments (Pty) Ltd.

(4) Vervalste EVKOM-effekte, verskaf deur [redacted] word deur Hill verkoop aan die drie nie-inwoners en die opbrengs word dan na Securities Investments Corporation (Pty) Ltd gekanaliseer.

(5) 'n Gedeelte van die fondse nou in die rekening van Securities Investments Corporation (Pty) Ltd word geleen aan 'n familie Trust van Hill ten einde sekere SA bates aan te koop.

(6) Die balans van Securities Investments Corporation (Pty) Ltd se fondse word oorgeplaas na die rekenings van onder andere Goldstone Trader (Pty) Ltd en Pamtel Investments (Pty)Ltd

(7) Op sterkte van ouditeurssertifikate deur [redacted] uitgereik word die fondse in die rekening van onder andere Goldstone Trader (Pty) Ltd en Pamtel Investments (Pty) Ltd deur Hill na die buiteland via Kommersiële Rand as dividende oorgeplaas.

(8) E. Goldstone Trader en Pamtel stel weer van die "dividende" ontvang tot beskikking van Advance Farming Ventures (Engeland) om die volgende kringloop te begin.

(9) Geen vervalste EVKOM-effekte is opgespoor nie maar fotostatiese afdrukke van sommiges is by 'n makelaar op die Effekte Beurs gevind. Onbevestigde gerugte wil dit hê dat [redacted] 'n tas vol vervalste effekte het. [redacted] is tans in Birmingham, Engeland.

(10) Ouditeure, Peat Marwick en Kie is deur die S A Reserwe Bank aangestel om die vloei van fondse en die gebruik van vervalste EVKOM-effekte te oudit. Voorlopig is ongeveer 650 transaksies van effekte wat verkoop is bekend, maar dit is tans onbekend hoeveel van die effekte wat verhandel is wel vals is.

(11) Ongeveer R70 miljoen (Finansiële Rand) is deur middel van vervalste EVKOM-effekte van die nie-inwoners aangekoop.

(12) Kommersiële Rand onwettig as dividende uitgestuur ± R30 miljoen.

(13) Die moontlike gevolge van vervalste EVKOM-effekte op die aandelemark kan nie oorbeklemtoon word nie. Indien aandeelhouers hulle vertroue in die effekte verloor en dit grootskaals verkoop sal die effekte hul waarde verloor wat tot gevolg kan hê dat EVKOM moeilik sy buitelandse verpligtinge kan nakom. EVKOM en natuurlik die Republiek van SA se krediet-waardigheid in die buiteland sal in die gedrang kom.

(14) Mnr Hill is reeds deur amptenare van die SA Reserwe Bank ondervra. Hy plaas die blaam op [redacted] wat die skema ontwerp het. Hy plaas verder die blaam op [redacted] wat die vervalste effekte verkoop het. Van die effekte is gekoop deur Mnr Hill se suster, [redacted] van New York.

6. (1) Die laaste transaksie wat genoem moet word is die Hill/Dr M.D. Hahn/E.I. Dutton/Interboard-transaksie.

(2) Aangesien die Interboard groep in die buiteland, soos opgerig in 1981, geen fondse tot hul beskikking gehad het nie, leen die twee Cayman Trusts van R.O. Hill en J.A. Hahn, met die goedkeuring van sy seun, [redacted] 1 miljoen VSA dollar aan die groep op die basis dat hulle 'n 32,5 % belang verkry in Interboard.

(3) Die 1 miljoen dollar word via die Finansiële Randmeganisme deur Interboard aangewend om 80 % van die aandele in Interboard S.A. (Pty) Ltd op te neem en realiseer ± R2 miljoen.

(4) Die R2 miljoen word gelyktydig weer deur Interboard S.A. (Pty) Ltd via Stablelite in die Republiek van SA aangewend om in Kommersiële Rand na Sommerton Corporation Ltd in die buiteland oor te plaas ter gedeeltelike betaling van die invoer van 'n "plant".

(5) Aangesien Sommerton Corp. Ltd 'n projekmaatskappy is wat deur Hill-hulle vir die doel opgerig is, betaal Sommerton Corp. Ltd die vreemde valuta verkry met R2 miljoen oor aan die Hahn en Hill Trust ter delging van hulle aanvanklike lening en die balans word weer aangewend deur Interboard om via die Finansiële Randmeganisme aandele in Interboard SA (Pty) Ltd op te neem.

(6) Interboard SA (Pty) Ltd plaas weer vreemde valuta oor na Sommerton Corp. Ltd ter verdere gedeeltelike betaling van invoere.

(7) Sommerton Corp. Ltd betaal die werklike buitelandse verskaffers 'n gedeelte en die balans word weer na Interboard gekanaliseer.

(8) Die transaksie word in drie sodanige stappe voltooi.

(9) P. Howe reël die transaksies en was 'n direkteur van Interboard.

(10) Die bedrae betrokke is soos volg:

a) Werklike waarde van "plant" R2 170 000
Waarde na Sommerton oorgeplaas R8 500 000

b) Wins deur Sommerton na Interboard gekanaliseer R6 330 000

In 1981 was R8 500 000 gelyk aan 10 200 000 VSA dollar.

(11) Na bewering is verdere invoere van "plant" sedertdien op dieselfde wyse gefinansier.

7\. (1) Hill en Dutton is reeds kragtens Deviesebeheerregulasie 19 deur amptenare van die Reserwe Bank ondervra en [redacted] word binnekort ondervra. [redacted] is tans in London. Hill het reeds waardevolle inligting verskaf en is bereid om 'n verklaring af te lê.

(2) P. Howe was betrokke as finansiële bestuurder en/of ouditeur by al die transaksies. Hy het per brief meegedeel dat hy bereid is om 'n verklaring af te lê. Sy getuienis is die sleutelgetuienis om die verband tussen die onderskeie transaksies te bewys. Hy is tans in London.

(3) [redacted] wat tans in Birmingham is sal meer inligting oor die EVKOM-effekte kan verskaf.

(4) [redacted] was die buitelandse prokureur/trustee vir al die persone. Hill en [redacted] is reeds genader om toestemming te gee dat sy korrespondensie en dokumente nagegaan kan word.

(5) Die Reserwebank het reeds die rekenings van Hill en Securities Investment Corporation (Pty)Ltd geblokkeer en oorweeg beslaglegging van die aandele van Interboard en Interboard Beperk. Kragtens die Deviesebeheerregulasies kan blokkering en beslaglegging slegs vir 12 maande geskied.

8\. (1) Amptenare van die Reserwebank beoog om navrae in die buiteland te doen en aangesien [redacted] aangedui het dat hy bereid is om getuienis af te lê teen vrywaring van vervolging is met die Prokureur-Generaal gereël om teenwoordig te wees tydens die onderhoude met die onderskeie betrokkenes. Die Prokureur-Generaal se kantoor het aangedui dat ten minste twee offisiere, waarvan ten minste een 'n senior offisier moet wees, die reis na die buiteland moet meemaak.

Bog!! Hoe kan hy vir ons voorskryf!!

(2) Die belangrikheid van die persone in die buiteland se getuienis kan nie oorbeklemtton word vir enige suksesvolle vervolging nie. Die suksesvolle verhaling van die "verlore" geld deur die Reserwebank is afhangend van 'n suksesvolle vervolging.

9\. (1) Magtiging word gevra dat No. W38616E Kolonel D.J. Le Roux en No W36001K Majoor W.E.D. Deerans saam met lede van die Prokureur-Generaal se kantoor en van die Reserwebank na Engeland reis om die genoemde ondersoek aldaar te doen. Die geleentheid sal ook te bate geneem word om [redacted] se saak verder te ondersoek.

(2) Magtiging word voorts gevra dat bogenoemde twee offisiere vandaar na New York en California reis om [redacted] en [redacted] te spreek om die ondersoeke af te rond.

(3) Geen vaste datums is bepaal nie maar dit word gereël in samewerking met die Prokureur-Generaal se kantoor en met die amptenare van die Reserwebank.

B. 1. Afskrif u ter inligting.

KOL

wnd TAKBEVELVOERDER
C.J. TALJAARD

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive · Since 1988